

Donderdag 18 Augustus

Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-23

Fokusgedeelte: Kolossense 1:18

Jy leef ewig – jy het ’n volmaakte rolmodel

Hoe voel jy as iemand sy rug op jou draai? Jou eerste gedagte is seker dat hy van jou weggaan en niks meer met jou te doen wil hê nie. Daar is ook ’n ander perspektief wat ons moet raaksien: Dit kan goed wees as iemand sy rug op jou draai – soos Jesus met ons gedoen het!

Ons dink baie keer dat dit darem lekker sou wees as Jesus nog hier op die aarde sou wees: ons sou – in ons geloofslewe – maklik al die antwoorde kon kry! Jy moet besef dat dit nie baie goed vir jou is nie! Hoekom sê ek so?

Dit sou van ons parasiete gemaak het deur elke keer net vir Christus te vra en te vra. Jy is nie en wil nie ’n parasiet wees nie! Die Here het jou ’n verantwoordelike burger van sy Koninkryk gemaak.

Hoe leer jy hierdie verantwoordelikheid aan? Deur na die rug van Jesus te kyk! Wat ek bedoel, is dit: Ons moet Jesus volg. Hy loop voor, jy volg, kyk na sy haksene hoe en waar jy op jou lewenspad moet trap.

Kruis, graf en hemelvaart het die pad oopgemaak – vir jou beswil. Jou verantwoordelikheid is om te volg – en dit is nie maklik nie, maar die eindbestemming ’n heerlike sekerheid.

Sing: Psalm 23:1 (1936 – Gerdener)

Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)